

JAARLIKSE BEGROTING VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT



2021/22 TOT 2023/24

**MEDIUM TERMYN INKOMSTE EN UITGAWE
RAAMWERK**

Deel 1 – Jaarlikse Begroting

1.1 Burgemeestersverslag

Geagte Speaker, Onderburgemeester, lede van die Burgemeesterskomitee, Raadshere, Raadsdame, Raadslede, Munisipale Bestuurder, Direkteure, gaste, dames en here, goeie middag.

Dit is my voorreg om die begroting en ander verwante dokumente vir 2021 tot 2024 soos voorgeskryf ingevolge artikel 16 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur aan die Raad voor te lê ter oorweging.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie begroting opgestel is onder uiterste uitdagende omstandighede te midde van die ergste pandemie wat die wêreld sedert die vorige eeu ervaar. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is tans in die swakste posisie sedert die aanbreek van demokrasie met min hoop op herstel in die afsienbare toekoms. Min het ons 'n jaar gelede geweet wat die impak van die Coronavirus –pandemie op die land, die provinsie en die munisipaliteit sou hê. Die diepgaande uitwerking wat die virus op die land se gesondheidsdienste en die ekonomie as geheel gehad het, kon 18 maande gelede nooit voorspel word nie, maar die ekonomiese werklikheid wat daaruit voortspruit moet toepaslik bestuur word gedurende hierdie medium termyn inkomste en uitgawe raamwerk te einde die herstel van die nasie en die munisipaliteit te verseker.

Dienslewering, as deel van die munisipale mandaat, het selfs deur die moeilikste tye die hoogste prioriteit, fokus en toewyding ontvang, en dit sal so bly tot aan die einde van die termyn van die huidige Raad en ek vertrou dat die munisipaliteit sal voortgaan om dit in die toekoms te doen, as ons voorts daarna streef om die lewensgehalte van ons gemeenskappe te verbeter.

Die COVID-19 pandemie het ons gedwing om die bydrae wat ons gemeenskap tot die munisipaliteit, sy prosesse en sy finansies lewer, nog meer te waardeer. Ek kan u verseker dat die administrasie as bestuurder van openbare fondse die grootste sorg uitoefen met die benutting van finansiële en ander munisipale hulpbronne in beide die lewering van dienste aan ons gemeenskappe asook en in die stryd teen COVID-19.

Die Nasionale Tesourie voorspel 'n rieële ekonomiese groei van 3,3 persent vir 2021, na 'n inkrimping van 7,2 persent in 2020. Na verwagting sal die werklike BBP-groei in 2022 afneem na 'n matige 1,7 persent en behoort dit in 2023 nagenoeg 2.1 persent te beloop. Dit beteken effektief dat die inkrimping wat as gevolg van die COVID-19-pandemie ervaar was nie oor die medium termyn uitgewis sal word nie, en munisipale inkomstebronne dus sal stagneer. **Ons het dus geen ander alternatief as om meer met minder te doen nie.**

Werkloosheid bly 'n groot bron van kommer, met 'n geskatte 1,7 miljoen werksgeleenthede wat verlore geraak het sedert die aanvang van die pandemie. Die verlies aan inkomste het die reeds bestaande ekonomiese en sosiale ongelykhede

verder beklemtoon. Na verwagting sal die BBP eers laat in 2023 weer tot die voorpandemie vlakke herstel, wat die uitdaging wat voorlê beklemtoon.

Die begroting en GOP-hersiening wat vandag hier voorgehou word, is 'n hoogtepunt van intensiewe beplanningsprosesse wat deur die wykskomitee en ander GOP-prosesse onderneem was, asook omvattende interne beraadslaging en onderhandelinge om te verseker dat munisipale hulpbronne optimaal benut word om die lewensgehalte van ons gemeenskappe te verbeter.

Die bedryfsinkomste begroting (uitgesluit kapitaaloordragte en bydraes) beloop R421,416 miljoen. Die grootste deel van die inkomste is afkomstig van eiendomsbelasting en gebruikerstariewe. Bedryfsuitgawes uit eie fondse beloop R435,278,025, met die twee hoof kategorieë wat uit salarisverwante uitgawes en grootmaataankope bestaan, dit verteenwoordig 59,59 persent van die totale bedryfsuitgawes vir die 2021/2022 boekjaar.

Die kapitaalbegroting beloop R56,187,043. Die kapitaalbegroting fokus grootliks op infrastruktuurontwikkeling en gevolglik word 73,88 persent van die kapitaalbegroting toegeken aan infrastruktuur en ingenieursdienste.

Die besteding op infrastruktuur wat in die kapitaalbegroting ingesluit is, word soos volg toegedeel: Waterdienste infrastruktuur R3,497,000; Elektrisiteit infrastruktuur R4,709,565; Sanitasie infrastruktuur R20,232,478 en paaie infrastruktuur R13,074,000.

Sport en ontspanningsfasiliteite ontvang R5,555,000 en sosiale en gemeenskapsfasiliteite ontvang R1,465,000, terwyl die res van die kapitaalbegroting bestaan uit masjinerie en toerusting, meubels, vervoerbates asook rekenaartoerusting wat benodig word om dienste aan ons gemeenskappe te lewer.

In ooreenstemming met 'n nuwe kapitaalfondsingsmodel sal 'n nuwe lening ten bedrae van R14,650,000 in 2021-2022 boekjaar opgeneem word. Eie finansiering deur middel van die Kapitaalvervangingsreserwe ten bedrae van R17,347,000 word bygevoeg en finansiering deur middel van skenkings en toekennings beloop R24,190,043 vir die 2021-2022 boekjaar.

Die koste verbonde aan salarisverwante uitgawes bly 'n belangrike deel van die munisipale begroting. Die munisipaliteit neem kennis van die huidige ekonomiese omgewing, asook die bekostigbaarheidsdrempel waarmee verbruikers en belastingbetalers gekonfronteer word, veral in die nadraai van die inperkings wat ingestel was weens COVID-19. Daar is dus besluit om slegs voorsiening te maak vir kerfverhoging op salarisse en om geen voorsiening te maak vir 'n algemene salarisaanpassing vir 2021-2022 nie.

Personeelverwante koste as persentasie van die totale uitgawes beloop 33,45% en is binne die norm vir hierdie kategorie van uitgawes. Dit sal noukeurig oor die medium termyn begroting bestuur word om te verseker dat dit binne die aanvaarbare perke bly.

Inaggenome die ekonomiese omstandighede waarin ons onself bevind, en in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie-riglyne, is die tariefverhogings van die munisipaliteit beperk tot ongeveer 4,5 persent op alle dienste, behalwe vir elektrisiteit, waar die verhoging 14,59% sal wees. NERSA het bevestig in hul finale riglyne aan munisipaliteite dat Eskom se grootmaat aankoopprys met 17,8% sal verhoog. Dit is dus onafwendbaar om 'n verhoging van 14,59% aan munisipale verbruikers deur te gee om die hoë styging in die aankoopprys te verhaal en om die finansiële lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van die elektrisiteitsdiens te verseker.

Dit is die verantwoordelikheid van die politieke leierskap sowel as die administratiewe bestuur binne die plaaslike owerheidsomgewing om die skakel tussen die kiesers en die regering se visie, beleid, prioriteite en bestedingsplanne te versterk. Die doel van die munisipaliteit is dus steeds die verbetering van dienslewering wat sal bydra tot die verbetering van die lewenskwaliteit van alle mense in die Bergrivier Munisipale Gebied.

In hierdie moeilike ekonomiese omstandighede word die begrotingskeuses wat die munisipaliteit moet maak tussen mededingende prioriteite en fiskale realiteite meer intensief en moet daar met sorg gehandel word, wanneer prioriteite teen mekaar opgeweeg word om te verseker dat die behoeftes van die inwoners bevredig word. Die uitdaging is om meer te doen met die beskikbare bronne en om waarde vir geld te verseker met elke transaksie waar openbare hulpbronne bestee word. Ons moet gefokus bly op die lewering van die kern munisipale dienste deur die toepassing van doeltreffende en effektiewe meganismes vir dienslewering.

Die toepassing van omsigtige finansiële bestuursbeginsels in die opstel van die munisipale finansiële plan is nie net noodsaaklik nie, maar ook van kritieke belang om te verseker dat Bergrivier Munisipaliteit finansiële lewensvatbaar bly en dat volhoubare munisipale dienste ekonomies en billik aan alle gemeenskappe gelewer word. Ons sal dus voortgaan om daarna te streef om die lewensgehalte van almal wat in die Bergrivier Munisipale Gebied woon en werk, te verbeter.

Die ekonomiese werklikheid het gelei tot die vermindering van die regeringsallokasies aan munisipaliteite, die munisipaliteit sal ten spyte daarvan voortgaan om die armste van die armes te help deur middel van sy deernissubsidiesprogram, waar kwalifiserende behoeftige huishoudings 'n deernispakket sal ontvang wat bestaan uit 50 eenhede elektrisiteit, 6000 liter gratis water, sowel as 'n 100% subsidie op 'n standaard huishoudelike vullis- en riooltarief per maand. Huishoudings met 'n gesamentlike inkomste van minder as R5 000 per maand sal in aanmerking kom vir die subsidie. Daarbenewens word 'n subsidie van 60% toegestaan op eiendomsbelasting vir kwalifiserende pensioenarisse wat as behoeftig geregistreer is.

Die Raad sal voortgaan om gemeenskapsdeelname aan programme, planne en strategieë aan te moedig om te verseker dat ons planne in lyn is met die gemeenskapsbehoeftes.

Ten slotte wil ek die begrotingloodskomitee, onder leiding van die Onderburgemeester, die Munisipale Bestuurder, die Hoof Finansiële Beampte asook personeel in die Strategiese dienste afdeling en begrotingskantoor, sowel as direkteure en ander

personeel wat betrokke was by die opstel van hierdie begroting en GOP betrokke was bedank vir hul harde werk gedurende die begrotingsproses.

Ek wil alle belanghebbendes en lede van die publiek wat aan die begrotingsproses deelgeneem het bedank vir die waardevolle insette wat gelewer was en eienaarskap wat geneem was van hierdie baie belangrike proses.

Speaker, wil ek voorts die 2021-2022 begroting en Medium Termyn Inkomste- en Uitgaweraamwerk aan die Raad voorlê vir oorweging en goedkeuring, ek dank u.

RAADSHEER RAY VAN ROOY
UITVOERENDE BURGEMEESTER